NG GEMEENTE KATHU

AANKONDIGINGS 12 Mei 2019

Ek en jy, as gestuurde gemeente, dien die Here
met vreugde deur by mekaar en by ander betrokke te wees.

☎ **053 723 1071** **skriba@ngkathu.co.za** **www.ngkathu.co.za**

MOEDERSDAG | Oggenddiens 09:30

Leraar: Ds Heinrich Viljoen
Teks: Spr 1:8, 31:1-2, 31:10-31
Tema: Mammas is wonderlike mense!

Aanddiens 18:30 Jeugdiens

Leraar: Ds Heinrich Viljoen
Teks: Deut 30:19-20
Tema: Choose wisely!

Woordverkondiging in die ander gemeentes:

Olifantshoek: Ds André de Villiers
Deben: Ds Schalk van Schalkwyk

Belangrike datums vir die week en maand

14-16 Leraars by sinodale konferensie	
17-18 Ringsitting: Kuruman	
19 **Dankdiens**	09:30
19 Tee vir nuwe lidmate & Dank-tee	10:30
19 Belydenis van geloof & spesiale nagmaal	18:30
30 **Hemelvaartdiens**	18:30
Junie	
2-6 Pinksterdienste	18:30

Gekoppelde leraars in Deben en Olifantshoek

Maandae:
Ds Schalk van Schalkwyk is 13:00-21:00 in Deben.

Dinsdae: Ds Schalk van Schalkwyk is 08:00-13:00 in Deben.

Ds André de Villiers is voldag in Olifantshoek.

Welkom aan die nuwe lidmate

Ons hoop dat jy gou tuis sal voel in ons gemeente en betrokke sal raak by ons aktiwiteite. Tydens die erediens sal jy ’n pakkie ontvang met ’n vorm vir nuwe lidmate, wat jy asseblief vir ons moet voltooi. As jy enige vrae oor die gemeente het, is jy welkom om te vra!

Kom drink gerus ’n koppie koffie of tee by ons selfbedien-stasie

Soggens drink ons koffie/tee NÁ die diens en saans drink ons koffie/tee VÓÓR die diens.
*Aanddiens: Ons vra dat lidmate asb by die teetafels koffie drink en nie in die banke nie.

Baie dankie vir die pragtige blomme in die erediens.

Gebedslys

Ons bid:

- Vir Ina van Wyk, Franswelle, Hesté en familie met die afsterwe van Tiekie van Wyk.
- Vir die familie van Carine Kasselman met haar afsterwe.
- Vir Ina Fourie en familie met die afsterwe van haar ma.
- Vir Elmarie Visser wat chemoterapie ontvang.
- Vir Alma Seaman wat nog in die hospitaal is ná ’n heupvervanging.
- Vir CP Cornelisen wat tans in Kathu in die hospitaal is.
- Vir Rozette Kemp wat in Kathu in die hospitaal is.
- Vir elke lidmaat en persoon in die gemeente wat siek is.
- Vir kalmte ná die verkiesing. Ons bid dat korrupsie uitgeroei sal word.
- Vir boere se veiligheid op plase.
- Ons is baie dankbaar vir ’n geseënde en suksesvolle Herfsfees. Ons dank die Here vir al sy genade.

7 days on the wall – 24/7-gebedsgeleentheid vanaf 3-9 Junie

Daar is weer vanaf 3-9 Junie ’n 24/7-gebedsgeleentheid. Daar is ’n lys agter by die kennisgewingbord waar jy kan aandui watter tye en watter dae jy kan bid.

Cimarron Motorfietsklub – Bergenrusinsameling

Cimarron Motorfietsklub hou hierdie jaar hul 9de fondsinsameling op 1 Junie in Olifantshoek. Die ouetehuis ontvang geen subsidie van die staat nie en daarom het ons die projek begin. Hiermee vra ons dan asb die dorp en gemeenskap om ons te help met bydraes hetsy kontant of nie-bederfbare voedsel. Op 1 Junie word alles dan oorhandig met ’n lekker kuier saam met die senior burgers. Vir enige navrae, kontak vir Tertia Greyvenstein by 082 750 2765 of e-pos greyvestein.whitey1@gmail.com

Toer: Klein Karoo en Overberg in walvistyd
aangebied deur Savanna Toere

Die Goue Gerwe toer vanaf **4-11 Oktober 2019** en jy kan saamgaan! ’n Pragtige 8-dag toer deur die wonderlike natuurskoon van die Klein Karoo en Suid-Kaap, met die opwinding van reuse walvisse in Hermanus. Koste: R9 300 per persoon. **Dag 1:** Vertrek vanaf Kathu via Bloemfontein na Beaufort-Wes. **Dag 2:** Oudtshoorn. **Dag 3:** Roete 62, Calitzdorp, Ladismith en Swellendam. **Dag 4:** Montagu, Langeberge, Bonnievale, Stormsvlei, Stanford en Hermanus. **Dag 5:** Hermanus. **Dag 6:** Kaap Agulhas, Bredasdorp, Swellendam, Mosselbaai, George en Wildernis. Dag 7: George, Outeniekwapas, Graaff Reinet en Colesberg. Dag 8: Terug na Kathu. Ingesluit: Luukse busvervoer, goeie gehalte en suite-akkommodasie, 2 etes per dag, toepaslike toegangsfooie, portierfooitjies, kundige toerleier. **Uitgesluit:** Etes nie gespesifiseer, opsionele aktwiteite, eie uitgawes, verversings en drankies. Vir meer inligting, kontak Poppie Landman by 084 326 1168.

Afhanklik van drank, dwelms,
of iets dergeliks?

Die CAD (ondersteuningsgroep vir middelafhanklikes en hul gesinne) vergader Woensdae 18:30 by **Kristalstraat 9**. Enigiemand is welkom. Vir navrae, kontak Henriëtte Husselman 072 239 2361.

Herfsfees 2019: baie dankie

Baie dankie aan ELKE persoon wat bygedra het tot ’n baie suksesvolle fees! Baie dankie aan elkeen wat die fees bygewoon het. Dankie aan elkeen wat bestanddele en kontant geskenk het asook elkeen wat baie hard gewerk het. Baie dankie vir elkeen se mooi gesindheid en positiwiteit. Dit was ’n wonderlike dag en ’n heerlike kuiergeleentheid. Baie dankie vir elkeen se bydrae. **Aan God die eer!** Drie hoera’s vir die organiseerders. Hoera vir die harde werkers en feesgangers. Dit was ’n heerlike dag!

Herfsfees: Dankie-sê-geleentheid, Sondag 19 Mei 2019

Volgende Sondag hou ons tydens die oggenddiens ’n dankdiens. Tesame met die tee vir nuwe lidmate, sê ons ook dankie vir die Here se genade met die Herfsfees. Ons wil graag ook elke lidmaat bedank vir hul bydrae. Kom drink asb saam met ons tee ná die oggenddiens.

Tee vir nuwe lidmate Sondag 19 Mei 2019

Almal word volgende Sondag direk ná die oggenddiens uitgenooi na ’n heerlike funksie vir nuwe lidmate tesame met ons Herfsfeesdankgeleentheid. Dit is die ideale kans vir lidmate om te kuier. Moet dit nie misloop nie.

Opknapping van moederskamer

Met Moedersdag wat ons vandag vier, het ’n lidmaat inisiatief geneem om die moederskamer op te knap vir die jong ma’s. Die projek is nog in proses, maar die moederskamer is reeds uitgeverf. Kyk gerus uit vir nog veranderinge in die volgende paar weke. Baie dankie vir die skenking van verf, dekor en arbeid!

Beroep

Prop Roné Vosloo is Dinsdag 30 April na Kathu beroep.

Broodtags asseblief

Johanna Verwey se ma samel die plastiek broodtags in. Bring dit asb vir ons kerkkantoor toe as jy van dit versamel.

Spesiale Nagmaal Sondagaand 19 Mei agv Belydenis van geloof

Volgende Sondagaand is daar ’n spesiale Nagmaalgeleentheid vir die hele gemeente saam met die groep wat tydens die aanddiens belydenis van geloof aflê.

Toebroodjiesmeerders gesoek asb

Barmhartigheid se Hoërskooltoebroodjieprojek is asb op soek na nog toebroodjiesmeerders sodat ’n mens tweetwee in spanne en op ’n aflosbasis kan werk. Kontak asb vir Mari Louw by 083 500 3665 as jy kan help.

Verjaardae vir die week

Sondag 12 Mei

Anne-Marie	Rheeder
Comené	Small
Chrismari	Steyn
Kyla	Botha
Wiehan	Van Niekerk
Marion	Groenewald
Hardus	Du Preez
Winnie	Jansen

Maandag 13 Mei

Venniete	Verster
Petro	Zwart
Tanya	Botha
Theo-Leighton	De Kock
Andries	Fourie
Jeanette	Esterhuizen
Zonique	Van Tonder

Dinsdag 14 Mei

Sakkie	Van Niekerk
Francois	Du Toit
André	Van Zyl
Jaco	Cloete
Jan	Strüwig
Linelda	Olivier
Albertus	Swanepoel
Marnitz	Botes
Annika	Greyvenstein
Beate	Smit

Woensdag 15 Mei

Jabus	Van Schalkwyk
Johan (Nannie)	Botes
Yolanda	Prinsloo
Natasha	Cloete
Jason	Snyman
Dané	Malan

Donderdag 16 Mei

Willem	Naude
Elmien	Nel
Ina	Fourie
Leonard	Bezuidenhout
Jaco	Le Roux
Jo-Anne	Niemandt
Mariana	Benecke
Jan-Hendrik	Vosloo
Melienke	Oelofste

Vrydag 17 Mei

Abraham	Cornelissen
Magriet	Spangenberg
Fanus	V d Westhuizen
Koos	Engelbrecht
Louna	Maritz
Izette	De Jager
Elri	Meiring
Heinrich	Olivier
Jeanru	Grobbelaar

Saterdag 18 Mei

Schalk	Odendaal
Tabitha	Liebenberg
Linda	Pretorius
Carel	J v Rensburg

Lekker verjaar!

BELANGRIKE INLIGTING

Kerkkantoor

☎ 053 723 1071

💻 skriba@ngkathu.co.za /
kassier@ngkathu.co.za

Kantoorure:

Maandag tot Vrydag: 08:00-13:00

Bankbesonderhede:

Vir Dankoffers:

NG Gemeente Kathu

ABSA Tjekrekening Kathu

Rek 1990 590 024

Vir die BOUFONDS:

NG Gemeente no 2

ABSA Kathu

Rek 1990 146 086

vind ons op facebook

LERAARS

Ds André de Villiers – Blok A

Missionale Bediening,
Kommunikasie en Finansies

☎ 084 679 3274

💻 andre@ngkathu.co.za

Ds Heinrich Viljoen – Blok B

Jeugbediening en Kleingroepe

☎ 082 352 6611

💻 heinrich@ngkathu.co.za

Ds Schalk van Schalkwyk – Blok C

Blokbediening, Barmhartigheid,

Nuwe lidmate en Eiendom

☎ 084 673 1075

💻 schalk@ngkathu.co.za